

# God se Asem tussen Bladsye

## Preeksketse



## Preek 1

---

Skriflesing: Lukas 4 vers 1 tot 13

**Tema:** Krag uit God se Woord

## Preek 2

---

- Romeine 15:4-13

**Tema:** Hoop vir almal

## Preek 3

---

- 2 Timoteus 4:6-8

**Tema:** Volhard met die hulp van die Here

## Preek 4

---

- Psalm 124 en Psalm 125 - Met fokus op Psalm 125:1,2.

**Tema:** God is by ons met sy beskerming en oorwinning, reg deur ons lewe tot in ewigheid.

## Preek 5

---

- Romeine 8:1-17 (Direkte Vertaling) Met fokus op vers 14.

**Tema:** Die Gees verseker ons dat ons kinders van God is

## Preek 6

---

Lees: Ef. 6: 14-20 en Kol. 4:2-5

**Tema:** Die groot geheim

## Preek 1.

JAARTEMA: DIE BYBEL – HOOP VIR ALMAL

Skriflesing: Lukas 4 vers 1 tot 13

Tema: Krag uit God se Woord

Doel / Samevatting : Om die belangrike rol van die Bybel in ons geestelike voorbereiding en groei te beklemtoon

Preekskets

Ons kan verwag dat daar aanslae op ons geestelike lewe sal wees. Dit is belangrik dat ons voorbereid sal wees daarop. Die Bybel kan ons daarmee help.

### **1. Fokus verskuif weg van fisiese behoeftes**

Aanslae kom daar waar ons swak is

Jesus was honger na 40 dae se vas

Daarom die aanslag om die klippe in brood te verander

Vastyd se doel is om sekere dinge uit te sny en so tyd te maak om op geestelike groei te fokus

Jesus Christus moes self ook voorberei word vir dit wat op Hom gewag het

Ons kan so stoei om te oorleef dat ons nie tyd het om te bid en Bybel te lees

Ons moet weer ons prioriteite regkry

Is daar dinge in jou lewe wat jy moet uitsny?

Is daar dinge of mense in jou lewe wat te belangrik geraak het?

## **2. Fokus verskuif weg van aardse dinge**

Dit is makliker om aan dinge vas te hou wat jy kan sien

Rykdom en roem lyk aanloklik

Ons kan so maklik daardeur opgeslurp raak

Jesus leer ons egter dat dit belangriker is om met 'n geloofsoog na die lewe te kyk

Hierdie aarde en lewe is nie al wat ons het nie

## **3. Fokus verskuif weg van myself af**

Die aanslae kom soms baie subtiel op ons pad

Gebruik selfs die Bybel

Dit is 'n valse voorstelling dat God einlik net daar is vir jou voordeel

Ons kan God nie net gebruik wanneer ons wil nie

Lewe gaan nie om my nie

Ek is eintlik hier om God te verheerlik

God se beloftes is geen waarborg dat dit net goed met my sal gaan nie

Gevaarlik om Bybel so te gebruik

Sy Woord verseker ons wel dat God ons krag sal gee om staande te bly.

### **Kern van die boodskap**

- Waar kry Jesus daardie geestelike krag ?
- In die Woord van God
- Hy haal telkens uit Deuteronomium aan
- Dit was Jesus se Bybel
- Jesus het Sy Bybel geken

Dit is belangrik is om die inhoud van die Bybel te ken

En om die boodskap van die Bybel te verstaan

Daaruit kry ons die geestelike krag vir die lewe

Ons harte moet vol wees van God se Woord

## Preek 2

Romeine 15 vers 4 tot 13

Tema: Hoop vir almal

Geliefdes in ons Here Jesus Christus !

'n Mens kan vir 'n paar dae sonder kos klaarkom. 'n Mens kan selfs vir 'n ruk sonder water lewe. En 'n mens kan vir 'n paar minute miskien jou asem ophou. Maar geen mens kan sonder hoop lewe nie. Die grootste waarde van die Bybel is dat dit God se manier is om die hoop in ons lewend te hou. Want deur die Bybel leer ons vir God, die Bron van hoop, ken. Die Bybel herinner ons aan waar ons hoop vandaan kom. Wanneer ons dus die Bybel gebruik, moet ons dit met hierdie doel voor oë doen naamlik om die hoop wat God vir ons deur sy Woord wil gee, daarin te soek en te vind.

In Romeine 15 vers 4 word dit só gestel:

*Alles wat voorheen in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer, sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.*

Met *Skrif* word hier natuurlik verwys na wat ons ken as die Ou Testament. Dit wil sê die verhale oor die skepping, Adam en Eva, Noag en verder, asook die voorskrifte aan die Israeliete, hulle geskiedenis, die gedigte en liedere en al die profete se geskrifte. Ons moet dit alles lees en ondersoek met die doel om God se stem van hoop daarin te

hoor. Dit is nie altyd so maklik nie. Ons het hierin die leiding van God se Gees en die gawe van onderskeiding nodig.

Volgens die teksvers is hoop die gevolg van twee belangrike lesse wat ons uit die Skrif leer. Die eerste is **standvastigheid**. Dit wil sê om aan te hou glo en op God te vertrou, ten spyte van jou omstandighede. Die AFR33/53-vertaling noem dit lydsaamheid en 'n Engelse vertaling praat van *patience*. Ons maak dikwels die fout om te dink dat 'n kind van die Here nie behoort swaar te kry of te ly in die lewe nie. Wanneer ons egter die Bybel lees, dan vind ons daarin talle voorbeelde van mense wat swaarkry.

Die klassieke voorbeeld is sekerlik Job wat worstel met die vraag waarom al die rampe in die lewe hom tref. Dink aan Josef in die put en Daniël in die leeuuil. Die hele boek Klaagliedere handel oor Israel se trauma as gevolg van hulle ballingskap. As daar dus op die oomblik een of ander vorm van lyding in jou lewe is, my liewe broer of suster, moet dit asseblief nie sien as 'n straf van die Here nie. Dit is deel van die lewe van 'n kind van die Here. Moenie moedeloos word nie. Swaarkry gaan verby. Daar is altyd hoop. Want God se liefde vir jou sal nooit verander nie. Niks kan ons daarvan skei nie. Job se situasie het uiteindelik weer herstel. Josef en Daniël het albei onderkonings geword en Israel het weer teruggekeer uit ballingskap. Ek wens ek kon vir jou sê wanneer jou situasie ook sal verander, maar dit is wat dit so moeilik maak, ons kan nie. Maar een ding kan ek op grond van God se Woord vir jou sê: hou moed! Swaarkry gaan uiteindelik verby.



Hierin is ons Here Jesus Christus vir ons die beste voorbeeld. Hy wat in ons plek gely het, gekruisig is en begrawe is. Maar wat ook weer opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel.

Die tweede les wat ons uit die Skrif leer is **bemoediging**. Dit wil sê dat die Bybel ook die instrument is waardeur God vir ons krag wil gee om deur die moeilike tye in die lewe te kom. Nog 'n fout wat mense maak wanneer hulle swaarkry is om dan op te hou om die Bybel te lees en kerk toe te kom. Dit is egter belangrik om juis in sulke tye ons te verdiep in God se Woord en daaruit die krag te put wat God vir ons wil gee. Weereens is die Bybel vol voorbeelde van die bemoediging en krag wat ons uit God se Woord kan put. Dink maar aan Moses wat nie kans gesien het vir sy roeping nie en God wat hom bemoedig deur te sê dat dit nie gaan oor wie Moses is nie maar oor Wie God is. Daar is Josua wat voor die geweldige uitdaging staan om die volk van die Here in die Beloofde Land in te lei en God wat hom bemoedig deur hom te verseker dat Hy by hom sal wees. En daar is wonderlike beloftes van die Here soos Jesaja 43 vers 1: *Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne*. Vir wie van ons was Psalm 23, *Die Here is my herder* ... nie al 'n bron van troos en krag in donker tye nie?

As dit dus op die oomblik vir jou voel asof die Here ver van jou af is, asof Hy van jou vergeet het – my liewe broer of suster, vat net weer jou Bybel en lees dit. Maar lees dit met die doel om God se stem van troos en bemoediging vir jou daarin te hoor. Die Bybel is nie bedoel om 'n boek vol reëls en wette te wees wat ons moedeloos maak nie. God

wil nie deur die Bybel 'n verdere gewig van skuldgevoelens op ons laai nie. Nee ! Jesus Christus het ons daarvan kom bevry. Jesus Christus het ons kom wys dat God 'n God van liefde en genade is wat ons vergewe. En hierdie beeld van God straal vir ons ook uit die Skrif.

Die Jode het dit op 'n stadium vergeet. Hulle was so toegegooi onder die las van al die wette wat die Joodse godsdienstige leiers op hulle gelaai het dat, volgens die teksgedeelte, Jesus Christus moes kom om hulle weer te herinner aan God se *beloftes* wat in die Skrif opgeteken is. Dink maar aan die versekering wat God aan Noag gegee het met die reënboog dat Hy nie kwaad is vir die mensdom nie, dat Hy nie wil oorlog maak nie maar sy boog (kan vertaal word met pyl-en-boog / reënboog) neersit. Beloftes soos: *Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees* aan Abraham, Isak en Jakob. God sluit 'n verbond met Israel. Hy roep hulle om sy dienaars te wees en wil hulle gebruik om 'n seën te wees.

Ons het dit ook soms nodig om herinner te word aan hoe groot God se genade vir ons is. Ons is so gewoond daaraan. Meeste van ons ken dit van kleins af. Ons beseef nie watter voorreg dit is om God te ken en te dien nie. Dikwels wil ons ook weer vir God begrawe onder 'n klomp reëls en voorskrifte terwyl ons die bevrydende evangelie van God se genade verwaarloos. Dit is presies wat met die kerk gebeur het op 'n stadium toe die pous mense laat verstaan het dat hulle hulle sonde kan afkoop en hulle geliefdes kan bevry uit die sogenaamde vagevuur deur 'n bedrag geld te betaal. Daarom was dit nodig dat God sy kerk moes hervorm. En moet ons versigtig wees om nie ook weer vandag ander

mense, veral ons kinders, bang te maak en af te dreig met God se straf en oordeel oor die sonde nie.

Dit was, volgens die teks, verder ook nodig dat Jesus Christus hierdie skewe beeld wat mense oor God gehad het, naamlik dat God 'n bestraffende en veroordelende regter is, moes kom regstel sodat ander nasies God oor sy *ontferming* (vers 9) sal verheerlik. Hier is dit belangrik om op God se ontferming te fokus. Dit is waarop die klem in die teksgedeelte val deur vier aanhalings uit die Ou Testament.

Dit is so maklik om mense bang te maak met God. Sommige predikers is lief daarvoor en gebruik dit dan ook as 'n metode om mense sogenaamd te bekeer. Hulle dreig mense af met die gedagte dat hulle vir ewig gaan brand in die hel se vuur as hulle hulle nie bekeer nie. Baie mense hou ook nogal van sulke preke. Veral as dit gerig is op ander mense. Die boodskap van God se genade en liefde is baie keer nie so aangrypend vir mense nie.

En tog is dit juis hoe God sy kerk laat groei. Nie deur mense af te dreig nie, maar deur die troos en bemoediging wat ons by God deur sy Woord vind. Want soos nog altyd, bly die mensdom op soek na hoop. Dit bly dus noodsaaklik om God se Woord vir almal beskikbaar te maak sodat almal daarin vir God, die Bron van hoop, kan vind.

Ons teksgedeelte sluit af met die gedagte dat hierdie boodskap van hoop wat ons in die Skrif vind, uiteindelik onself so sal verander dat ons al hoe meer na God se beeld gevorm (hervorm) sal word:

*Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!*

Amen.

## Preek 3

Skriflesing: 2 Tim.4:6:8

Tema: Jy kan *end-uit* volhard met die hulp van die Here

Doel/Samevatting: Volhard met die hulp van die Here!

### Preekskets

Mens besef dat daar enorme soorte uitdagings is. Volharding met die hulp van die Here, is iets wat jy nie moet gering ag nie. Met Sy hulp kan jy *end-uit* volhard en wen

### Inleiding

1. Ek leer graag mense dat jy nie net moet volhard om die hemel te haal nie. Jy behoort ook te volhard om so deur jou geliefdes te bemoedig, aan te spoor, en om jou ware kleure as Christen te rolmodel. Maar dis makliker gesê as gedaan.

2. Soms twyfel jy of jy werklik sal kan volhard, veral as die lewe *hard* druk en 'n uitweg aan kwyn is. Twyfel oor jou huidige situasies kan jou stresvlakke drasties verhoog en tot slapelose nagte ly. Die gedagte dat

jy jouself en ander mense kan teleurstel vererger die situasie net verder.

3. Paulus was ook in 'n hewige stryd gemoeid en kon later oor dit reflekteer en sê:

### **Skriflesing: 2Tim.4:6-8**

*“Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het”.*

#### Inleidende inhoud

Vir Paulus om *end-uit* te volhard was nie maklik nie. Hy noem dat Demas (sy getroue volgeling) hom verlaat het en dat Alexander hom baie kwaad aangedoen het. Paulus sê self dat niemand hom in sy eerste verdediging bygestaan het nie. Maar dan kom Paulus en verklaar dat die Here hom wel bygestaan en gehelp het (vgl.2Tim.4:17-18).

Die hoogtepunt in dié Skrifgedeelte is dat Paulus oor sy stryd uitroep: *“Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou”.*

Paulus is die eerste persoon wat ons leer om nooit in onself te roem nie, maar om al die eer aan die Here te gee (1Tim.1:17). Om *end-uit* te kan volhard is net moontlik as die Here jou help. Hoe moes Paulus die Here vertrou om te volhard?

### **1. Volhard, ten spyte van *te nakoming***

Paulus se te nakoming was alles behalwe 'n ligte verdrukking. Paulus was verskeie kere uiterlik onherkenbaar geskend en wrede wondmerke was die littekens op sy liggaam. Sy hele wese was vol swaarkry en ontberings. In 2Kor.11:23-29 is daar voorbeelde van swaarkry en ontberings wat hy moes beleef (*slae; in tronke bly; vele doodsgeware beleef; ontvang vyf maal 39 lyfstrafhoue; word drie keer met stokke geslaan; gestenig; ly drie maal skipbreuk; bring 14 dae en nagte op die diepsee; trotseer gevare van rowers; bring tyd in die woestyn deur; deur valse broers beskuldig; het slapelose nagte; beleef honger, dors, koue en naaktheid; dra sorg vir gemeentes; Paulus is selfs deur sy eie mense as 'n vyand beskou; lang reise per voet aflê om die evangelie te verkondig; jong bekeerdes help en soms vermaan*).

In Romeine 8 vertel Paulus ook van goed wat hom kon kelder, maar hoe hy tot 'n oplossing vorder, is iets om uit te leer. Paulus verklaar: 35 *“Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?*

36 Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. 37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. 38 Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige 39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie". Niks, sluit alles in. Al beleef jy soms foute en tekortkominge kan jy met die Here se hulp volhard.

## **1. Volharding ondanks *kompetisie***

Paulus beskryf die lewe as 'n wedloop en jy ding teen vele teenstanders mee. In dié wedloop ontvang slegs die wenner die prys (1Kor.9:24). Selfs in ons eie lewe (van *wieg* tot *graf*, is die lewe meestal opdraand; jou asem raak op; spiere word ooreis).

In 'n geestelike sin moes Paulus teen die beste atlete van die destydse wêreld meeding. Hierdie mededingers was:

a. *Afgodery*: Dié "atleet" teen wie Paulus meeding het vir vele uitdagings gesorg en 'n groot voorsprong gehad (Hand.19:21;34 Demetrius se tempel- beeldjies; Diana). Paulus kon met die evangelie volhard en dié "atleet" met die Here se hulp oorwin. Afgodery behels ook eiesinnigheid (1Sam.15:23; Gal.5:20; 1Pet.4:3). Die eie ek is soos



om hardkoppig te wees. Die Here kan jou help om met dié “atleet” af te reken.

b. *Die mense wat Paulus wou dood maak (Hand.23:15):* In plaas van vrees gee die Here vir Paulus ’n gees van krag, liefde en selfbeheersing (2Tim.1:7). Ons kan so maklik fokus op vrese dat ons vergeet dat ons hulp van die Here kom.

c. Mededingers wat jou eie mense voorstel: Paulus moes teen *Apollos* meeding (1Kor.3) en *Petrus* berispe omdat Petrus veroordelend optree (Gal.3:11). In die lewe voel jy ook asof jy voortdurend moet meeding om jouself te bewys. Laat Hy jou help.

## **2. Volharding te midde van ons geloof wat *beproef* en *ondermyn* word**

Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis, teen die bose geeste in die lug.

Die duiwel is ’n mense moordenaar en vader van die leuen (Joh.8:44). Jesus kan ons help, want hy is die ware Helper, Restoureerder, die Een wat versterk.

Word jou volhardingsvermoë soms diep beproef en ondermyn? Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom. Hy belowe hulp vir die wat daarvoor vra.

Horatio Spafford was 'n suksesvolle Christensakeman tydens die 1800's. Hy, sy vrou en vier dogters sou saam op vakansie na Engeland gaan, maar vanweë besigheidsdruk kon hy nie onmiddellik saam met sy gesin gaan nie. Hy stuur egter sy vrou en dogters vooruit na Europa met die gedagte dat hy 'n paar dae later sou volg. Ongelukkig tref 'n onverwagte tragedie egter die vrou en kinders tydens hul reis: die passasierskip (waarin Horatio se vrou en kinders was) tref 'n ysberg, die skip sink en al die dogters verdrink. Sy vrou stuur toe vir hom 'n telegram om hom in te lig aangaande die tragedie en om hom te maan om so gou moontlik self te kom. Horatio klim met 'n swaar hart op die skip om sy vrou in Europa te gaan ontmoet.

Wanneer die skip in die omgewing op die Atlantiese oseaan kom waar hy vermoed, die vorige skip gesink het en sy dogters omgekom het, begin hy bid en Horatio skryf 'n gebed neer: *When peace, like a river, attendeth my way, When sorrows like sea billows roll; Whatever my lot, Thou has taught me to say, It is well, it is well, with my soul.*

### **3. Volharding met die oog op *beloning***

Paulus noem dat die Here vir hom 'n kroon gaan gee, en aan almal wat Sy verskyning liefgehad het. Volharding is dus nie verniet nie, ons kry 'n wonderlike kroon by Jesus. Moenie moed op gee nie, die Here is magtig om jou van struikeling te bewaar en jou sonder gebrek voor sy heerlikheid kan laat stel (Jud.1:24).

### **Kern van die boodskap**

- Die Here was Paulus se helper
- Die Bybel gee waarborge dat God jou te midde van te *nakoming*; 'n *kompeterende wêreld*; en jou *geloof* wat beproef en ondermyn word, kan help om te volhard.
- Paulus haal Romeine 8 aan en noem dat niks ons van Christus kan skei nie
- In Jesus verseker God ons dat enige uitdaging of die dood nooit die laaste hoofstuk van ons lewens is nie. Jesus het die dood oorwin.
- Volharding bring mee dat daar beloning op ons wag

## Preek 4

### Psalm 124 en Psalm 125 (1983-Vertaling)

Met fokus op Psalm 125:1,2.

*Sub-tema: God is by ons met sy beskerming en oorwinning, reg deur ons lewe tot in ewigheid.*

In Psalm 125 leer die Here ons hoe Hy ons van dag tot dag beskerm.

Wat 'n mens dadelik opval, is die treffende vergelyking in vers 2:

*“Rondom Jerusalem is berge; so is die HERE rondom sy volk ...”* In

hierdie vergelyking is die berge rondom Jerusalem 'n toonbeeld van

beskerming, want die berge omsluit die stad en bewaar dit van

aanvalle. So beskerm die HERE sy volk. Nou, môre, oormôre, elke

dag, *“tot in ewigheid,”* sê die Psalm.

#### **1. God beskerm ons, hoewel onsigbaar, altyddeur**

Soos Jerusalem deur berge omring word ... Die Jode sou die

vergeljking goed kon verstaan, want hulle het geweet hoe die berge

rondom Jerusalem lyk. Ook die Jode wat nie in Jerusalem self gebly

het nie. Onthou: elke Jood het destyds probeer om een keer elke jaar

na die tempel in Jerusalem te reis om daar te gaan offer en aanbid. So

'n reis is 'n pelgrimstog genoem: *'n bedevaart*. Wanneer die pelgrim

dan naby Jerusalem gekom het, het hy dit gesien: *Rondom Jerusalem*

*is berge.*

Hoe lyk Jerusalem se berge? Vir die meeste van ons wat nog nooit

Jerusalem besoek het nie, roep die Psalm die beeld op van 'n stad wat

veilig tussen hoë berge genestel is. Maar dit is nie die toneel wat die

pelgrim begroet het wanneer hy Jerusalem genader het nie. Intendeel, enige besoeker aan Jerusalem sal jou kan sê dat die berge daar om die stad glad nie so indrukwekkend hoog is nie. Foto's wys ook dat die berge om Jerusalem stad eintlik nie veel meer nie as hoë bulte of heuwels is nie. Om die waarheid te sê: vanuit die stad kan jy die berge om die stad dikwels nie eens sien nie.

Nogtans gebruik die Psalmdigter hierdie einste heuwels as beeld van God se beskerming, want Jerusalem se heuwelagtige berge is juis 'n uitstekende beeld waaruit 'n mens kan leer hoe God se beskerming werk. Gelowiges moet besef: **Net soos die berge rondom Jerusalem nie altyd en oral gesien kan word nie, so is die God van ons beskerming ook nie met die oog sigbaar nie.** Maar dit beteken nie God is afwesig nie. Al kan ons Hom nie sien nie, weet ons Hy is daar. Soos die berge rondom Jerusalem. In die geloof weet ons dit.

Dit laat 'n mens dink aan die geskiedenis van die profeet Elisa in 2 Konings 6, toe hy in Dotan deur die Arameërs beleër was. Wat die Arameërs nie kon sien nie, was dat die Here 'n berg vol perde en vurige waens rondom Elisa geplaas het om hom te beskerm. Ook Elisa se dienskneg kon dit nie sien nie, totdat die Here sy oë daarvoor oopgemaak het om te sien: soos die berge rondom Jerusalem, so omring die Here die gelowiges met sy beskerming.

So belooft die Here om ook ons as sy kinders met sy beskerming te omring, waarheen die lewe ook lei. Sy beskerming is onsigbaar vir die oog, maar in die geloof is ons heeltyd daarvan bewus, en ons weet: Hy is hier by ons, rondom ons, soos die berge rondom Jerusalem!

## **2. Waarteen beskerm die Here ons?**

Waarteen beskerm die Here ons? Beskerm Hy ons teen misdaad en geweld? Teen siekte en gevaar? Teen finansiële rampe? Natuurlik kan Hy, want Hy is almagtig. En Hy doen dit ook – nog meer as wat ons dink. In die woorde van Psalm 121: *“Die HERE is jou Beskermer, die Skaduwee aan jou regterhand wat jou beskerm teen elke onheil ...”*

Keer op keer wanneer ons aan die ander kant van ’n krisis uitkom, en terugkyk, dan kom die besef: As dit nie vir die Here was nie, sou ek dit nooit gemaak het nie! Psalm 124 stel sit so: *“As die Here nie vir ons was nie, sou die waters ons oorstroom het en die vloed ons oorweldig het.”* Ja, die Here hou onheil en gevaar van ons af weg, soos berge Jerusalem beskerm van alle kante.

Soms laat die Here tog onheil oor sy volk toe, en dan doen Hy dit vir ’n baie goeie rede. So het die HERE in die tyd toe hierdie Psalm geskryf is, toegelaat dat Israel onder heidense oorheersing beland het. Dit is die *“septer van goddeloosheid”* waarvan vers 3 praat. Vir Israel moes dit gevoel het of die Here hulle verlaat of verwerp het. Maar die Here verlaat of verwerp nie sy volk nie. Hy beproef net. En beproewing duur net vir ’n tyd lank. Daarom sê die Psalmdigter in vers 3: *“Die septer van goddeloosheid sal nie op die grondgebied van die regverdiges bly rus nie.”* Die beproewing sal net aanhou totdat die Here sy doel daarmee bereik het. En die Here se doel is om sy volk te laat wegdraai van ’n nog groter bedreiging: die bedreiging van die sonde.

Vers 3 sê: *“sodat die regverdiges hulle hande nie sal uitsteek na onreg nie.”* En die uiteinde van ’n sondelewe is verskriklik. Vers 5 sê: *“Dié wat langs krom paaie wegdraai, sal die HERE laat vergaan saam met*

*die werkers van ongeregtigheid.*” Maar omdat God sy volk soos die berge rondom Jerusalem beskerm, sal Hy nie toelaat dat die sonde die oorhand oor sy kinders kry nie. Daarom laat Hy beproewings oor ons toe: sodat ons van ons sondepad af sal omdraai en na Hom toe terugkeer.

### **3. God is by ons teenwoordig, vas en seker**

In vers 1 lees ons: *“Dié wat op die Here vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie en altyd vas bly staan.”* Weer beeldspraak, maar hierdie keer is die vergelyking met die berg Sion. Soos die ander berge rondom, is die Sionsberg ’n blote heuwel. Waarom was dit dan ’n geskikte voorbeeld van standvastigheid? Omdat die berg Sion vir Israel simbool was van God se teenwoordigheid. En God se teenwoordigheid is onveranderlik, vas en seker. So het Israel aan die Sionsberg gedink as die woonplek van God. Daarom word dit vereenselwig met die tempelberg – die tempel, regdeur die Ou Testament simbool van God se teenwoordigheid.

Onthou: die tempel was maar net ’n *simbool* van God se teenwoordigheid. Sy teenwoordigheid is onveranderlik vas en seker, al kan dit nie gesien word nie. Maar toe die tyd vir die Nuwe Testament aanbreek, het God het sy teenwoordigheid konkreet sigbaar laat word. Dit het Hy gedoen deur sy Seun in die wêreld te stuur: Jesus Christus, die ware Immanuel, dit is: God met ons. Van toe af was die tempel en die Sionsberg nie meer nodig nie, want in Christus het God se teenwoordigheid ’n sigbare werklikheid geword.

As die Psalmdigter dan sê dat dié wat op die Here vertrou soos Sionsberg altyd vas sal bly staan, wys dit op Jesus Christus. Tot en met

die koms van Christus het God sy volk met sy beskerming omring, soos die Psalm hier sê. Maar toe Christus gekom het, het God se beskerming oorgegaan in 'n besliste oorwinning! Die oorwinning het gekom toe Christus by Golgota ons sondeskuld betaal het. Hy het ons bevry van die oordeel oor ons sonde. En met sy opstanding het Hy ons bevry van die mag van die dood. Wat meer is: Deur dit te doen het Christus het ons vrede met God herstel. *"Vrede oor Israel."* So eindig die Psalm. Dit is 'n seënbede. Tegelyk gryp dit vooruit op die vrede wat die groot Vredevors, Jesus Christus, deur sy oorwinning vir ons gebring het. Jesus Christus is die ware Sionsberg in wie ons vas staan, aan wie ons lewenslank vashou, met wie ons ook uiteindelik die ewigheid betree. Maar nou, terwyl ons nog op pad is na die ewigheid, beleef ons die "God met ons" van die Sionsberg reeds op 'n ander wonderlike manier. Want nadat Christus as oorwinnaar na die hemel opgevaar en aan die regterhand van die Vader gaan sit het, het Hy die Heilige Gees op sy kerk uitgestort. Van toe af woon die Gees in ons harte. Gevolglik is ons nou werklik soos die berg Sion – God se woonplek, onwankelbaar tot in ewigheid!

#### **4. Samevatting**

Daarom, te midde van al die onsekerhede wat môre en oormôre vir ons inhou, dra ons dié één groot sekerheid met ons saam: God is met ons. Hy beskerm ons van alle kante net soos daar berge rondom Jerusalem is. Hy gee ons ook die oorwinning in sy Seun, Jesus Christus. En Hy is dag vir dag by ons in en deur sy Heilige Gees. As ons maar net vir elke dag op Hom vertrou, sal ons wees soos die Sionsberg wat nie wankel nie.





## PREEK 5

Lees Romeine 8:1-17 (Direkte Vertaling)

Met fokus op vers 14.

*Sub-tema: Die Gees verseker ons dat ons kinders van God is, en sy wonderlike beloftes in Christus sal ontvang.*

### 1. Hoe weet ons met sekerheid dat ons kinders van God is?

Hoe kan ek absoluut seker wees dat ek 'n kind van die Here is? Hierdie worstelvraag spring dikwels in Christene se gedagtes op. Dit is 'n vraag wat 'n mens nie net onseker maak nie, maar jou ook bang laat word. Want as ek nie seker is dat ek die Here se kind is nie, dan is ek ook nie seker oor die uiteinde van my lewe nie. Sê nou maar net my lewe eindig in die ewige oordeel en die hel, weg van God se genade – wat dan? Dan is dit mos verniet dat ek Hom healtyd probeer dien!

Sulke twyfelgedagtes word die nek ingeslaan wanneer ons die Bybel oopmaak en lees. Want in die Bybel hoor ons God praat. Sy woorde staan bo alle twyfel vas. Ons moet net daaraan vasgryp en daaraan vashou. In die Romeine 8:14 lees ons dan: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Dit wil sê dat God se kinders daaraan gekenmerk word dat hulle deur sy Gees gelei word. As ons dan deur die God se Gees gelei word, is dit vir ons 'n bewys dat ons sy kinders is.

## 2. Hoe weet ons dat ons deur die Heilige Gees gelei word?

Maar hoe weet ons of ons deur die Gees van God gelei word? Uit verse 2 tot 7 is dit duidelik dat die leiding van die Gees nie aan 'n emosionele belewing uitgeken word nie, of aan een of ander ekstase of bonatuurlike gevoelsbeweging nie. Nee, die leiding van die Gees word sigbaar in ons wil en ons denke. Dit is 'n krag wat ons wil en denke so stuur en bestuur dat ons elke dag meer en meer bereid is om ons eie manier van doen opsy te skuif en te doen wat God van ons wil hê. Ons eie doen en late is van nature aan sonde verslaaf, sodat gesê kan word dat die sonde oor ons heers, tot so 'n mate dat alles wat ons dink en doen in die raamwerk van sonde inpas. Maar as die Heilige Gees begin om ons wil te lei, verander ons hele manier van dink en doen. Romeine 12:2 noem dit 'n vernuwing van ons denke, wat daarop ingestel is om raak te sien wat God se wil is, sodat ons in alles begin vra wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is.

Hierdie nuwe manier van dink is 'n proses, wat stadig maar seker vorentoe beweeg. Dag na dag is dit weer en weer probeer om die goeie en volmaakte wil van God al beter te begryp en te doen. Maar ons kan met die verandering aanhou en volhou, want ons weet dat die krag en insig hiervoor nie uit 'n mens self kom nie, maar dat die Heilige Gees ons daarin lei.

As hierdie nuwe manier van dink en doen dan in jou na vore kom, dan is dit beslis 'n teken dat die Heilige Gees jou lei. En, sê vers 14, as jy deur die Gees van God gelei word, dan is jy beslis 'n kind van God. Wat 'n wonderlike versekering! Ons hoef die Here maar net op sy woord te neem. Lees net weer wat daar in vers 15 staan: "Julle het immers nie 'n gees van verslawing ontvang sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, julle het die Gees van kindskap ontvang deur wie ons roep: Abba, Vader!" Ons hoef nie bang te wees nie. Ons hoef nie te twyfel nie. Die Gees wat ons lei, neem alle twyfel weg, en alle vrees. Ons weet: ons is God se kinders, en ons deel in al die wonderlike seëninge wat Hy aan sy kinders gee.

### 3. Watter seëninge is daar vir die kinders van God?

Om God as Vader te hê, is alreeds 'n onbeskryflike seën. Maar dit is nie waar dit ophou nie. In Romeine 8:17 hoor ons: "Omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus." Wat gaan ons erf? Wel, ons is erfgename saam met Christus. Dit beteken dat ons gaan deel in alles wat Christus van die Vader as erfenis ontvang het. Christus se erfenis is te veel om op te noem, maar in vers 17 word dit in net twee woorde saamgevat: lyding, en heerlikheid.

Die lyding wat Christus beërf het, was die helse vernedering en die dood wat Hy in opdrag van die Vader moes deurmaak. Hierdie opdrag

was die erfdeel wat Hy van die Vader ontvang het. Met daardie lyding het Christus die oordeel en straf op die sonde van die mensdom volledig gedra. As ons dan in vers 17 hoor dat ons deel het aan Christus se lyding, beteken dit dat ons deel het aan die gevolge van sy lyding. Deur sy lyding is die oordeel en straf op ons sonde volledig betaal. Wat ons dan as erfgename ontvang is die betaling van ons sondeskuld in Christus, sodat ons voor God se regterstoel geheel en al onskuldig verklaar word.

Maar Christus het nie net gely nie. Hy het uit die dood opgestaan en na die Vader opgevaar. So het Christus erfgenaam geword van die heerlijkheid van God. Dit beteken dat Hy in ewigheid as Oorwinnaarkoning in heerlijkheid oor alles en almal regeer. Sy lyding het oorgegaan in heerlijkheid. En ons, sê vers 17, sal as God se kinders deel hê aan sy heerlijkheid. Hoe so? Ons sal eendag, by sy wederkoms, net soos Hy uit die dood opgewek word, om te lewe in ewigheid. En die ewige lewe is nie maar net 'n lewe sonder einde nie; dit is 'n lewe in heerlijkheid, by God, voluit in sy koninkryk. Die heerlijkheid hiervan kan ons nie eens naastenby begryp nie. In 1 Korintiërs 2:9 skryf Paulus hieroor:

“Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekome het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.”

Glo daarom, deur die kragtige leiding van die Gees, met vaste sekerheid dat jy in Jesus Christus 'n kind van die Here is. Bid elke dag, deur die kragtige leiding van die Gees, tot jou "Abba, Vader!", en dank Hom dat Hy deur sy genade ook aan jou as mede-erfgenaar van Jesus Christus vergewing van sondes en die ewige heerlikheid as erfdeel gegee het. Kom ons sien met blye hoop uit na die dag wanneer Hy weer kom en ons as sy kinders en erfgenames al sy seënings in Christus sal beërwe.

## Preek 6

Lees: Ef. 6: 14-20 en Kol. 4:2-5

Teks: Kol. 4:3 "Bid dat God vir ons 'n deur van die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig..."

Ons het 'n gesegde wat lui dat 'n mens jou teen 'n toe deur kan vasloop.

Dit beteken figuurlik dat jy jou vasloop teen iets en nie verder kan vorder nie. Jy loop jou teen 'n toe deur vas as jy nie daarin kan slaag om 'n gebroke verhouding te herstel nie omdat die ander persoon weier om verder met jou te praat. Jy loop jou teen 'n toe deur vas as jy sien dat daar iets fout is met jou kind, maar hy, of sy, weier om met jou daaroor te praat. Jy loop jou teen 'n toe deur vas as jy weet dat iemand iets vir jou wegsteek, maar al jou pogings om uit te vind wat dit is, loop op niks uit nie. Dit is 'n uitdrukking wat iets wil sê oor jou magteloosheid. Jy probeer alles in jou vermoë om tot daardie ander persoon deur te dring, maar al jou pogings is tevergeefs, dit help niks nie.

Paulus gebruik die beeld van 'n toe deur om iets van sy magteloosheid tot uitdrukking te bring. Terwyl hy hierdie brief skryf, is hy as gevolg

van die evangelie van Jesus Christus wat hy verkondig het, gevange geneem en in die tronk gestop. Hy is vasgekeer in 'n sel met 'n toe deur voor hom wat verhinder dat hy kan uitgaan en voortgaan met sy werk. Hy gebruik hierdie toe deur as 'n beeld om iets te sê oor die groot en feitlik onmoontlike uitdaging om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Dit is soos die toe deur van die tronksel wat hy nie kan oop maak nie. Hy is magteloos. Hy kan teen die toe deur skop en slaan en stamp, hy kan skreeu en roep, maar dit alles help niks. Hy kan die deur nie oopmaak nie. Die deur kan net oopgemaak word as iemand van buite die slot oopsluit en die deur oopmaak.

In die Bybel word die beeld van 'n deur dikwels gebruik om iets tot uitdrukking te bring van die mens se poging om by God uit te kom. Jesus sê in Joh. 10:7 dat Hy die deur die ingang is waardeur mense tot God kan kom. In die gelykenis van die tien meisies (Mat. 25:11) met hulle lampe word vertel dat die vyf dwase meisies buite gestaan het voor die toe deur en geroep het, maar dat die deur nie oopgemaak is nie. In Hand. Lees ons van die drie wondervertellings (Hand. 5:23;



12:6-7; 16:26) dat God die deure vir die apostels in die tronk oopgemaak het.

Die beeldspraak van ons teks dui daarop dat dit net God is wat die deur kan oopmaak sodat die geheimenis van die woord verkondig kan word. As die deur toe is, kan die verkondiging nie plaasvind nie. Die teks kan op twee maniere vertaal word. In die 1933 en 1953 vertalings word dit vertaal dat God die deur **van** die woord sal oopmaak sodat Paulus die geheimenis van die woord kan verkondig. Hierdie groot geheimenis van die woord kan nie deur 'n mens ontsluit en oopgemaak word nie. Dit kan net gebeur as God self die deur van die woord oopmaak sodat die prediker iets van die geheimenis kan verstaan en dit kan verkondig. Paulus besef dat hy nie self kan deurdring tot die groot geheim van die woord nie. Net God kan dit openbaar, of bekendmaak.

In die tyd was daar die dwaling van die Gnostiek wat ook 'n poging was om die geheimenis of misterie van God te kan ken en verstaan. Volgens hulle kon die mens na God opstyg deur 'n geheime kennis wat jy deur sekere wagwoorde kan bemeester. Sommige Joodse geleerdes het die kennis van die wet gesien as die geheime sleutel om die deur na God

toe oop te maak. Paulus wil dit duidelik stel dat alle menslike kennis en wysheid nie in staat is om die deur na God toe oop te maak nie, dit is net God self wat die deur kan oopmaak sodat hy die geheimenis van die woord kan verkondig. Die sleutel om die deur oop te maak is die gebed. Die deur kan net oopgemaak word deur die gebed van die gelowiges. Deur die gebed van die gelowiges sal God deur sy Heilige Gees die deur van die woord oopmaak sodat hy die geheimenis van Christus kan verkondig. In Ef. 6:19 word dit ook uitdruklik gestel: "Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak."

Die een moontlike vertaling is dus dat God die deur, wat toegang tot die geheimenis van die woord verleen, sal oopmaak sodat die prediker die betekenis van die geheimenis kan verkondig. Die ander moontlike vertaling (epigenetiese genitief) is dat God die deur **vir** die woord sal oopmaak. In die 1983 vertaling word dit soos volg weergegee: "Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord sal oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig..." Dit beteken dat God die deur aan die kant van die mense wat die woord hoor, sal oopmaak sodat hulle die

geheimenis van die woord sal hoor en verstaan. Hy vra dus dat die gemeente sal bid vir die ontvanklikheid van die woord by mense. Dit is net God wat deur sy Gees die deure van mense se harte kan oopmaak sodat hulle die geheimenis van die woord sal hoor en dit sal glo. Daar word in ons tyd ook baie gepraat van die sogenaamde oop deure vir die evangelie wat verkondig moet word. Net God kan die deure vir die woord oopmaak sodat mense dit sal hoor en glo.

Bid dat God die deure vir, of van, die woord sal oopmaak sodat hy die geheimenis van die woord kan verkondig. Dit is Paulus se versoek aan die gelowiges. Hy alleen is nie in staat om die deure vir en van die woord oop te maak nie. Net God kan dit doen. Die deur moet soos die tronksel se deur van buite af oopgesluit word. Net God kan dit deur sy Gees moontlik maak. Natuurlik moet hy as prediker bid dat God dit sal doen, maar dit is die hele gemeente wat saam met hom aan die deur moet klop en roep en bid dat God die deur vir hom sal oopmaak sodat hy die geheimenis van die woord sal kan verkondig.

Wat bedoel hy met die geheimenis wat hy moet verkondig? Die Griekse woord wat hier met geheimenis vertaal word, kom 27 keer in die Nuwe

Testament voor en 20 van die 27 keer is dit Paulus wat die woord in sy briewe gebruik. Dit dui daarop dat die woord 'geheimenis' 'n baie belangrike sleutelbegrip is as hy oor die evangelie van Jesus Christus praat. Daar is 'n groot verskil tussen 'n raaisel en 'n geheim. 'n Raaisel kan opgelos word as jy regtig daaroor nadink en dit bestudeer. 'n Raaisel het 'n antwoord wat jy kan kry as jy diep genoeg delf. Jy kan egter nie 'n geheim ontdek nie. Jy kom eers te hore van 'n geheim as iemand dit vir jou vertel en verduidelik wat dit beteken. Paulus beklemtoon dit dat die geheimenis waarvan hy praat 'n Goddelike geheim is. Hierdie goddelike geheim kan net ontrafel word as God dit bekendmaak, ontsluit, openbaar maak. Die bekendmaking van hierdie Goddelike geheim vind plaas met die kersgebeure.

In hierdie Adventstyd is ons op pad na die viering van Kersfees met die hoop en verwagting dat ons dan iets sal verstaan van hierdie Goddelike geheim. Die saambindende tema wat ek in ons op pad wees na Kersfees gaan gebruik is: die geheimenis. Volgende Sondag sal ek in die prediking handel oor die betekenis van die geheimenis en op Kersdag

sal ek fokus op die reaksie en gevolge van mense wat iets van die betekenis van hierdie geheimenis begin snap.

Vandag wil ek egter in die prediking klem lê op die noodsaaklikheid van gebed wat die enigste sleutel is wat die deur van die woord kan oopsluit. Om te kan preek stel ons vandag baie hoë eise aan 'n dominee. Om toegelaat te word om te kan preek is 'n studie van 6 jaar nodig om die predikant vir hierdie groot taak toe te rus. Kennis van die grondtale van die Bybel is maar een van die talle voorvereistes om 'n Bybelteks reg te kan verstaan en uit te lê. Al die grade en kennis is egter nog nie die waarborg dat die dominee die deur van die woord kan oopsluit nie. Paulus was vir sy tyd iemand met 'n deeglike opleiding en kennis om as leermeester te kon optree. Hy het onder die bekende rabbi Gamaliël studeer. Paulus het egter ontdek dat al sy kennis en agtergrond nie voldoende is om die geheimenis van die woord te ontsluit nie. Dit is net God self wat die geheimenis van die woord aan mense bekend kan maak. Die enigste sleutel wat daar is om die deur oop te maak, is gebed. Sy eie persoonlike gebed dat God die deur vir hom sal oopmaak, is vanselfsprekend nodig, maar hy vra en pleit by die

gemeente dat hulle saam met hom moet bid dat God die deur van en vir die woord sal oopmaak. Dit is asof hy vra dat die hele gemeente van gelowiges saam met hom sal bid, aan die deur sal klop, na God sal roep en vra om die deur oop te sluit.

Die voorbereiding van 'n preek vra deeglike voorbereiding, studie, navorsing, nadenke, die nalees van ander teoloë se verstaan van die teks, alles as deel van die poging om die deur van die woord oop te maak en die geheimenis van Christus te kan ontdek. Die dominee kan met sy, of haar, preek die gemeente probeer beïndruk met sy kennis en geleerdheid. Die mense kan as gevolg van die dominee se goeie oordrag, of voordrag, aan die dominee se lippe hang, maar dit alles is nog geen waarborg dat hy vir hulle werklik die geheimenis van Christus verkondig het nie. Daarvoor is meer as ure se studie en voorbereiding nodig. Dit begin alles by die dominee se gebed dat God die deur van die woord sal oopmaak. Dit is 'n deurlopende gebed en verwagting dat die deur sal oopgaan. In ons kerklike tradisie is die gebed van die ouderling in die konsistorie voor die erediens ook die voorbidding dat God die deur van die woord sal oopmaak. Voor die dominee die

trappies van die preekstoel opklim, is daar vir ouslaas nog 'n stilgebed dat God vandag deur die prediking die deur van die woord sal oopmaak sodat hy die geheimenis van Christus aan die gemeente kan verkondig, maar dit is ook die gebed dat God aan die kant van die gemeente vir die woord die deure na hulle harte, gedagtes en lewe sal oopsluit sodat hulle iets kan begin begryp wat die betekenis van die geheimenis van Christus vir hulle lewens is.

Ek wil vandag saam met Paulus by u pleit om saam met my te bid dat God die deur van sy woord sal oopmaak sodat ons hierdie Kersfees iets mag verstaan, aanvoel, ontdek van die groot geheimenis van Christus: "Bid dat God vir ons 'n deur van die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig..."

